Dumela

May 2006 - 3 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV / Official newsletter of the staff of the UFS / Phatlalatso ya Semmuso ya ba Basebetsi ba Yunivesithi ya Freistata

# Leading business executives visit UFS



*During a relationship building project of UFS Marketing to introduce prominent business people to the university a group of Gauteng based business people visited the Main Campus of the university. The group consisted of Mr Peter Malungani, Chairman: PEU Investments, Mr Moss Mashishi, Chairman: Matemuku Investments, Mr Moses Kgosana, Chairman: KPMG, Mr Vuyo Jack, CEO and Founder: Empowerdex, Mr Mavuso Msimang, CEO: State Information Technology Agency (SITA), Mr Sam Seepei, Senior Corporate Social Investment Manager: BHP, and Mr Quentin Eister, of Interstate Buslines and Chairman of the Black Management Forum in the Free State. Pictured here are from the left Mr Jack and Mr Msimang on a tour of the campus.*

# Wynand Moutonrylaan-projek vorder goed

Daar is al ver gevorder aan die verkeersplan op kampus wat insluit die ingang na Wynand Moutonrylaan, parkeerplekke, onderdak en andersins. Die Wynand Moutonrylaan-projek is aangepak as deel van die UV se omvattende langtermynvervoernetwerkontwikkelingsplan. Me. Edma Pelzer, Direkteur: Fisiese Hulpbronne en Spesiale Projekte, sê die projek, wat byna voltooi is, spreek die volgende aan:

- By die aansluiting van Wynand Moutonrylaan met DF Malherberylaan word 'n nuwe toegang tot die kampus geskep. Die nuwe ingang, wat direk na Wynand Moutonrylaan lei, is ontwerp om die verhoogde verkeervloei wat algaande ervaar is, te hanteer.
- Die verbetering van algemene verkeersvloei in die suidelike deel van die kampus. Bottelnekke by verskeie stopstrate in daardie gebied is aangespreek deur die wyse waarop die strate en sirkels uitgelê is.
- Parkeerbehoeftes. Veral studente van die Fakulteit Geneeskunde het groot parkeerprobleme ervaar. Met die nuwe uitleg is die aantal formele oop parkeerplekke meer as verdubbel. Hierdie parkeerruimte is reeds voltooi en 'n see van motors parkeer daagliks daar. Honderd en twintig bykomende afdakke is ook opgerig. Afdakke aan die ooste kant van die François Retiefgebou is reeds in gebruik geneem hoewel daar nog afrondingswerk te doen is. Die oprigting van hierdie afdakke was so beplan dat afdakke geografies geïsoleer is, wat tot gevolg gehad het dat oop parkeerruimtes en afdakke totaal afsonderlik is om die veiligheid van personeel se voertuie te verhoog.
- Verbetering van fasiliteite vir sekuriteitspersoneel. Sekuriteitspersoneel wat vir baie jare in wind en weer uitgangbeheer

Wynand... vervolg op bl.8



# Judge Brand delivers inaugural lecture

*Judge Fritz Brand, Judge of the Supreme Court of Appeal and for the past ten years involved in training high court judges, delivered his inaugural lecture, titled Latest developments in liability for omissions and for pure economic loss. Judge Brand demonstrated that a confusion of ideas often exists when determining the concepts of wrongfulness and negligence. His inaugural lecture contributed to clarify this matter. At his inaugural lecture was from the left Prof. Johan van Schalkwyk, Head of the Department Private Law, Judge F.D.J. Brand, professor extraordinary in the Department Private Law at the UFS, Judge S.P.B. Hancke from the Free State High Court and chairperson of the Council of the UFS, and Prof. Johan Henning, Dean: Faculty of Law.*



## Prof. Verster ontvang erepenning



*Prof. Basie Verster, Hoof van die Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur aan die UV, het 'n erepenning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Prof. Verster verrig baanbrekerswerk om akademiese studie toeganklik te maak deur oorbruggingskursusse en afstandsonderrig en as bourekenaar maak hy groot bydraes om die professie uit te bou. Hy praktiseer ook as bourekenaar en speel so 'n leidende rol in die bedryf. Hy is nasionale president van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars. Hy geniet ook aansien internasionaal by die International Cost Engineering Council waarvan hy direkteur is en die Royal Institution of Chartered Surveyors in Brittanje.*

# 'Student counseling being used more often,' says new director

Ms Refiloe Seane is the first black woman director appointed at the UFS. She was appointed Director: Kovsie Counseling and Development and has been acting in this position since last year. Mrs Seane was appointed at the UFS in 1997 as counseling psychologist at Kovsie Counseling and Development and in 2003 she was promoted to senior psychologist. With this experience, a B.A. and Honours degree in Psychology as well as a master's degree in Counseling Psychology and a professional practice in Rocklands where she still sees clients after hours, Ms Seane is geared for this position at the UFS.

As Director of Kovsie Counseling and Development Ms Seane is not only involved in management matters but she also counsel students and prospective students. She works in a team with four qualified psychologists, three interns, a reading development co-coordinator, a registered psychometrist and a career officer. The disability unit also forms part of Kovsie Counseling and Development as well as the Qwaqwa and Vista campuses counseling services.

Ms Seane identified the shortage of staff as one of her biggest challenges in the division. "We see students for individual and group therapy, study and reading development skills, career counseling and guidance. We also present wellness programmes such as stress management, self-esteem building and relationship support. Student counseling is a service that is being used more often than in the past. There is increased awareness of the importance of the service to students," Ms Seane said.

The existing staff component is not sufficient enough to render a sufficient service to all students. In the past three months approximately 800 students were seen for individual and group therapy. This includes both first year and senior students. Most of the time students need to come for follow-up sessions. Despite this challenge Ms Seane enjoys working in this team. Ms Seane said: "It is very rewarding when students come back after we helped them with a positive feedback of growth and development into mature individuals."

"My vision for Kovsie Counseling and Development is to provide a service that will enhance academic achievement and produce balanced graduates who will be role players both nationally and internationally," Ms Seane said.

She is a mother of three; Letshego, (24), Kabelo, (22) and Boitumelo, (19) who respectively study at Johannesburg University, Wits University and The University of Cape Town. "I relate well with students and understand their challenges since I am a mother of students. It is like dealing with children who are like my own children," she said.

Student counseling... Sotho p.4

# INEG is ’n nasionale bate

Die Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG) spog met meer as 940 private dokumenteversamelings van bekende ekonome, politici, kerk-, kultuur- en gemeenskapsleiers. “Geen navorser wat die ekonomiese, staatkundige, politieke of kulturele ontwikkeling van Suid-Afrika as tema het, kan op volledigheid aanspraak maak indien daar nie aan INEG ’n besoek gebring is nie,” sê me. Esta Jones, Adjunkdirekteur: INEG.

In 1964 het die destydse UOVS met ’n insamelingsveldtog van private dokumente met die oog op die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing begin en in 1970 het die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) tot stand gekom. Dit het uit drie afdelings, waaronder ook die Dokumentasie-afdeling resorteer het, bestaan. In 1998 het die Dokumentasie-afdeling volle outonomie verkry en staan sedertdien as die Argief vir Eietydse Aangeleenthede bekend. Aangesien die benaming INEG só gevestig was in die volksmond, word huidiglik ten einde verwarring te vermy, weer eens van die afkorting INEG gebruik gemaak.

Die argief is verantwoordelik vir die insameling, bewaring en ontsluiting van argivalia, asook die beskikbaarstelling daarvan aan navorsers. INEG beskik ook oor ’n klankargief, foto-argief, ’n omvattende versameling koerante en koerantknipsels, amptelike publikasies, ’n unieke pamfletversameling, asook persverklarings en toesprake van ministers.



*Tydens die aflewering van die Munnik-privaatdokumentversameling is van links prof. François Retief, voormalige Rektor aan die UV, me. Esta Jones, Adjunkdirekteur: INEG, prof. Magda Fourie, Viserektor: Akademiese Beplanning, me. Alida Dippenaar, betrokke by INEG-projekte en ook voormalige hoof van e-Leer aan die UV, en dr. Danie Jacobs, verbonde aan INEG.*

Die dokumente wat INEG oor die jare van sy bestaan byeen gebring het, beslaan minstens 2 500 liniêre meter rakspasie. Prof. François Retief, vorige Rektor aan die UV sê: “In Suid-Afrika kan geen ander universiteit naastenby vergelyk met die aantal dokumente by INEG nie. Dit maak dit dié sentrum vir die land.”

Dr. Danie Jacobs, voormalige Adjunkdirekteur van INEG, sê: “INEG is nie alleen ’n goudmyn vir wetenskaplike navorsing nie, maar die toevloei van honderde meter unieke en onvervangbare dokumente dui daarop dat dit steeds in ’n diep gevoelde behoefte voorsien.”

• INEG het onlangs die dokumenteversameling van dr. L.A.P.A. Munnik ontvang. Dr. Munnik was voorheen onder meer Volksraadslid vir Caledon en Durbanville en het vanaf 1979 tot 1986 onderskeidelik as Minister van Gesondheid, Volkswelsyn en Pensioene; Pos- en Telekommunikasiewese en Openbare Werke in die kabinet gedien.

Mooirivier
Makelaars /Brokers

Hollard
SELECT BROKERS

**SPESIALISEER IN KORTTERMYNVERSEKERING**
**SPECIALISING IN SHORT-TERM INSURANCE**

Kontak ons by/ Contact us at Tel: (051) 447 6877
Faks / Fax: (051) 447 5758 of
e-pos / e-mail: mmbloem@mweb.co.za

*Puik dienslewering deur persoonlike kontak, effektiewe eisebestuur en risiko beperking, wat lei tot lae premies en u gemoedsrus te bied.*

*Excellent service delivery through personal contact, effective claims and risk management, which results in lower premiums to give you peace of mind.*

# Tata ma chance! Qwaqwa Campus gets R3 million for sports facilities

"Exciting, exhilarating, this is simply the greatest news I have heard for a long time," was all Mr Teboho Manchu, Deputy Director: Student Affairs at the Qwaqwa Campus, could say on the news that the National Lotteries Board had awarded R3 million to upgrade sports facilities on the Qwaqwa Campus.

"Unlike in metropolitan areas where there are a wide choice of activities to occupy students after hours, including cinema houses and cultural events, the students on the Qwaqwa Campus have limited choices. An increase in sporting codes is one of the most effective ways to keep the students constructively occupied after school and on weekends. We also have a lot of raw talent here that could be harnessed and developed if the right infrastructure was available," said Mr Manchu.

Prof. Peter Mbati, Campus Principal, congratulated Mr Danile Zoko, Sports Officer on the Qwaqwa Campus, and Mr Manchu on this award. He said that the funding was made possible by the collaborative efforts of several role players including that of Ms Karin Serfontein from the Student Affairs Division on the Main Campus, Ms Cathy Castagno of the UFS Marketing Division in Johannesburg, and Prof. Basie Verster from the Department of Quantity Surveying and Construction Management on the Main Campus.



*Above, from the left: Mr Daniel Zoko, sports officer on the Qwaqwa Campus, Mr Teboho Manchu, Deputy Director: Student Affairs, and Prof. Peter Mbati, Campus Principal, discuss the work required to upgrade the campus sports grounds. Below: A view of the run-down soccer and track field that will be upgraded with funding from the National Lottery Board.*



# Lets keep the spirit of music alive!



*The University of the Free State Qwaqwa Choral is turning 21 this year. During the official opening of the choir, new leadership was elected and was urged to carry forward the achievements of the choir.*

# Qwaqwa librarians assist with SA Library week

Phuthaditjhaba, meeting place of the nations, formed the backdrop for the South African Library Week launch at the R.J.R. Masiea Public Library. This year's theme was Libraries: partners in learning, nation building and development.

Cultural activities with musicians, traditional dancers of the Basotho Cultural Village and poetry by members of the Phuthaditjhaba community gave colour to this milestone event that was hosted by the Library and Information Association of South Africa (LIASA) in partnership with the South African Department of Arts and Culture, the Free State Department of Sports, Arts, Culture, Science and Technology and the Maluti-a-Phofung Local Municipality.

The national launch of the South African Library Week took place on the stoep of the R.J.R. Masiea Public Library in Phuthaditjhaba. Dr Mzangwa, the Executive Mayor of Maluti-a-Phofung Local Municipality, Ms Susan Mnumzana, Free State MEC for Sport, Arts, Culture, Science and Technology, Dr Pallo Jordan, the National Minister of Arts and Culture, and Mr Tommy Matthee, the President of LIASA, addressed the community and officially launched SA Library Week.

Staff from the Qwaqwa Campus also attended the launch. Ms Zuki Ketiwe, Librarian at the Qwaqwa Campus, and Mr Stoffel Kok, Senior Librarian at the Qwaqwa Campus, are members of LIASA and serve on the LIASA sub-branch of the Free State branch. They were involved in the arrangements of the launch.



*Attending the National Library week launch in Phuthaditjhaba are, from the left, back: Ms Nthabiseng Kwadi, LIASA member, Ms Dora Ackerman, Chairperson of LIASA Free State Branch, Mr Martin Hlakoane, Thabo Mofutsanyana, task-team member Thabo Mofutsanyana, task-team member, Ms Joyce Radebe, LIASA member, Ms Zuki member, Mr Mphenetha, LIASA member; front: Ms Sheila Mokhunoane, Ketiwe, Librarian at the Qwaqwa Campus, and Thabo Mofutsanyana, task-team member, and Ms Silwane Motaung, LIASA member.*

During the launch Dr Pallo Jordan, Minister of Arts and Culture, declared the Phuthaditjhaba Public Library in the Free State Province an official publications depository (OPD) under the Legal Deposit Act.

Children of the community also benefited from this event when the Free State Provincial Library and Information Service offered them a National Symbols Educational Programme.

# TRAC lab gives opportunity to engage with community



*At the launch of the Trac Lab on the Qwaqwa Campus are from the left Prof. Peter Mbati, Campus Principal, Mrs Zimbini Zwane, Communications Manager: Sasol Infrachem, Prof. Gerhardt de Klerk, Dean: Faculty of Humanities, Prof. Fred Hugo, Director: TRAC SA, and Prof. Jack van der Linde, Director: Research Institute for Education Planning, UFS.*

The Research Institute for Education Planning (RIEP) of the UFS launch the Sasol TRAC Laboratory at its Qwaqwa campus. The laboratory will be used to help grade 10, 11 and 12 learners and educators from the Qwaqwa region to conduct experiments from the physical sciences outcome-based curriculum.

"The Sasol TRAC Laboratory introduces learners not only to the latest technology used by engineers and other scientists in practice but also to stimulate the learners' interest in the field of science in such a way that more of them will enter into science related careers," said Mr Cobus van Breda, Co-ordinator of the TRAC Free State Regional Centre.

The laboratory will consist of six work stations equipped with computers and electronic sensors.

"There is a serious shortage of suitable qualified teachers in maths and science in the Qwaqwa region. Many schools in the region are not yet part of the RIEP project and are in dire need of assistance. A large number of these schools are in remote areas not reached regularly by intervention programmes," says Prof. Peter Mbati, Principal of the UFS Qwaqwa Campus.

"The establishment of the Sasol TRAC Laboratory at the Qwaqwa Campus provides us the opportunity to engage with our community and assist in the development and training of these vital education subjects. We are pleased that Sasol agreed to fund the project," says Prof Mbati.

Students from the Qwaqwa Campus will also benefit from the TRAC programme. "Some promising students will also undergo further training and become assistants for the TRAC programme," says Prof Mbati.

"Nurturing science and mathematical skills is of great importance in growing our national economy. Our primary aim is to increase the number of learners gaining access to tertiary education in the science fields. Therefore, our Corporate Social Investment (CSI) education interventions at secondary school level focus on educator development and direct learner interventions such as the Sasol TRAC Laboratory," explains Ms Pamilla Mudhray, CSI and SHARP manager at Sasol.

# Third phase of upgrading on Qwaqwa Campus kicks off

Phase three of renovations on the Qwaqwa Campus has taken off and work is progressing in the administration building, the humanities building and the lecture halls. Prof. Peter Mbati, Campus Principal on the Qwaqwa Campus, says that a total of R6 million has been set aside and will be utilised this year for upgrading infrastructure on the campus. The science and library buildings will be attended to later.

Soon after the incorporation of the Qwaqwa Campus into the UFS, one of the major complaints from a large section of the campus community was the near collapse and decay of the infrastructure on the campus. There was an urgent need to upgrade the infrastructure in order to carry out the mandate of an institution of higher learning optimally. It was also necessary for the campus to be attractive to potential students and staff who wished to study and work at the Qwaqwa Campus. "We are on target in meeting our goals of turning around the basic infrastructure of the campus to a competitive acceptable level," said Prof. Mbati.

## Bevorderings

**Mev. H.M.C. Kotze**, as Assistent-direkteur, Kovsiesteundienste
**Dr. G. Lamacraft**, as Mede-professor, Departement Anestesiologie
**Mev. M.J. Bezuidenhout**, as Senior Lektor, Dekaanskantoor: Fakulteit Geesteswetenskappe

## Aanstellings

**Dr. B. de Klerk,** as Senior Lektor, Departement: Gemeenskapsgesondheid
**Dr. R. Venter**, as Departementshoof, Departement Dogmatologie

## Bedankings

**Me. H.M. du Plessis,** Departement Menslike Hulpbronne
**Mnr. J.P. Malan**, Departement Musiek
**Dr. S.M. Holtzhausen**, Sentrum vir Hoër Onderwys

# ‘Phekolo ya Maikutlo ya baithuti e sebediswe ka dinako tsohle,’ ho realo motsamaisi e motjha

Mme Refiloe Seane ke mosadi wa pele wa Moafrika (wa motho e motsho) ya thontsweng Yunivesithing ya Freistata. O thontswe ho ba Motsamaisi, Lefapheng la Phekolo ya Maikutlo la ba ha Kovsie le Ntshetsopele mme haesale e le motshwaredi boemong bona ho tloha selemong se fetileng.

Jwalo ka Motsamaisi ya ka sehloohong wa Lefapha la Phekolo ya Maikutlo la ba ha Kovsie le Ntshetsopele, ha a shebana feela le ditaba tsa botsamaisi empa o sa boela a etsa mosebetsi wa phekolo ya maikutlo ho baithuti esita le baithuti bao ho tshepetsweng ho bona. Yena o sebetsa le sehlopha sa dingaka tsa maikutlo tse nne, ba sa ntsaneng ba ithuta ba bararo, mohokahanyi wa tsa ntshetsopele ya ho bala, ngaka e ngodisitsweng ya mahloko a kelello ebile e le mosebetsi ya ka sehloohong ho tsa dithuto tsa boiphediso. Lekala la batho ba qhwadileng e bopa karolo ya Lefapha la Phekolo ya Maikutlo le Ntshetsopele esitana le ditshebeletso tsa makala a mang a Yunivesithi ena a QwaQwa le Vista.

“Re hlwela baithuti moithuti ka mong esita le ka sehlopha bakeng sa mahlale a phekolo, ho ithuta le ho bala, bakeng sa phekolo ya tsa boithuto (phedisano) le



*Mme Refiloe Seane.*

tataiso. Re sa boela re fana ka mananeho a tsa bophelo bo botle a kang taolo ya kgatello ya maikutlo, popo ya boitshepo le tshehetso ya dikamano. Phekolo ya maikutlo ya baithuti ke tshebeletso e sebediswang hangata ho ena le nako e fetileng.

“Pono ya ka ka Lefapha la Pheklo ya Maikutlo la ba ha Kovsie le Ntshetsopele ke ho fana ka tshebeletso ena e tlang ho phaella hodima phihlello ho tsa dithuto tse phahameng le ho hlahisa baithuti ba thuto e phahameng bao e tla ba sebetsa mafapheng le ditabeng tsa bosetjhaba esita le tsa mafatsheng a ka ntle,” ho realo Mme Seane.

Ke Mme ya nang le bana ba bararo, e leng Letshego, ya dilemo di 24, Kabelo ya dilemo tse 22 le boitumelo ya nang le dilemo tse 19, bao ka ho fapana ba kenang diyunivesithing tsa Johannesburg, ya Wits le ya Kapa. “Dikamano tsa ka ke tse ntle le baithuti ebile ke utlwisisa diphepetso tsa bona jwalo ka ha ke le mmabaithuti. Ho tshwana feela le ha o sebetsana le bana bao e leng ba hao,” a realo.

# Donate blood and save a life



“In any language blood means life,” said Sister Gloria Tsie from the Blood Bank South Africa when she visited the Qwaqwa Campus on 19 April 2006. This was an initiative from the Wellness Committee on the campus.

The purpose of the visit was to inform staff on blood donation. Staff from the academic as well as the support services on campus attended the information session. “This was a good initiative and we intend to have a blood drive on the campus in the near future,” said Ms Helen Pienaar, Psychologist on the Qwaqwa Campus.

*Sister Gloria Tsie at an information session to the personnel on the Qwaqwa Campus.*

# Taaldiversiteit die fokus op simposium

Die Eenheid vir Taalbestuur aan die UV het 'n internasionale simposium gehou oor meertaligheid en uitsluiting in samewerking met die Universiteite van Gent en Antwerpen.

Die simposium het die aandag daarop gevestig dat diskoerse oor taaldiversiteit taaldiversiteit bou: dit skep, herskep, naturaliseer, vries of bepaal wetlik die waargenome verskille en ooreenkomste tussen, asook binne, tale. Dit is hierdie meganismes asook die manier waarop samelewings en politieke magte meertaligheid hanteer, wat landsburgers se toegang tot inligting, hulle deelname aan die verspreiding van sosio-ekonomiese hulpbronne, betrokkenheid by beleid en wetgewing, asook hulle posisie in 'n gemeenskap, burgerskap en kulturele keuse direk beïnvloed.



*By die Simposium oor Meertaligheid was van links prof. Theo du Plessis, Hoof: Eenheid vir Taalfasilitering en Taalbemagtiging, prof. Bernard Spolsky, Bar-Ilan Universiteit, Israel, en dr. Ezekiël Moraka, Viserektor: Studentesake.*

Wynand ... vanaf bl.1

toegepas het, sal na voltooiing van die nuwe waghuis, soos by die Nelson Mandelarylaan-ingang, onder dak kan werk en toegang hê tot toilet- en kombuisfasiliteite.

- Gerieflike en veilige voetgangervloei. Die verbinding tussen die sentraalkampus en die François Retiefgebou is aanvanklik geskep tot by die Stabilusplein. Die roete word nou voltooi, met genoeg beligting, bome en bankies op gepaste plekke.
- Landskapbeplanning. Die algemene voorkoms van die area kry besondere aandag. Tweehonderd inheemse bome soos olienhout, wit karee, soetdoring, namabessie en vaderslandwilger en ander plante sal in hierdie area gevestig word sodra die konstruksiewerk voltooi is, om vir beide motorgebruikers en voetgangers 'n koel, groen, parkatmosfeer te skep. Die hele Wynand Moutonrylaaningangsgebied gaan groener as ooit te vore wees.

Afhandeling van konstruksie was beplan vir einde van April. As gevolg van die aaneenlopende reën wat in Februarie en Maart geval het, is die projek vertraag. Alles word egter gedoen om te verseker dat al die fasiliteite met die aanvang van die tweede semester in gebruik geneem sal kan word. "Kampusgebruikers se geduld word gevra vir nog 'n paar weke," sê me. Pelzer.

## Kovsies is kampioen op atletiekbaan

'n Skitterende spanpoging met die SA Studente Atletiek Kampioenskap het daartoe gelei dat die Kovsiemans geskiedenis gemaak het deur die manskompetisie die eerste keer sedert 1997 te wen. Hulle het 13 medaljes gewen. Die groot uitblinkers was Johan Cronjé, Jan van der Merwe, Boy Soke en Charles le Roux.

'n Totaal van 53 atlete het Kovsies by die SA Studente Atletiek Kampioenskap verteenwoordig. Kovsies het vier goue, vyf silwer en vyf bronsmedaljes huis toe gebring en algeheel 4de plek behaal.

Jan van der Merwe (400), Johan Cronjé (1500) en Boy Soke (5000/10000) is almal in die SA Studentespan wat in Julie aan die Afrika Studente-spele in Pretoria gaan deelneem, ingesluit.

## Geneeskundige Fisika se naam hoog gehou

Die Departement Geneeskundige Fisika het die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die UV se naam hoog gehou tydens die Suid-Afrikaanse Vereniging van Fisici in Geneeskunde en Biologie se kongres wat in Kaapstad plaasgevind het.

Nie minder nie as drie akademiese pryse is aan twee huidige en een voormalige lid van die departement toegeken. Mnr. Willie Shaw het die aansporingsprys vir die beste jong wetenskaplike ontvang, terwyl dr. Freek du Plessis die prys vir die beste referaat tydens die kongres gelewer, ontvang het.

'n Vorige personeellid van die departement, mnr. Johan Engelbrecht, het met die louere weggestap in die afdeling vir beste plakkaataanbieding.



*Prof. Charles Herbst van die Departement Geneeskundige Fisika wat herkies is op die Raad van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Fisici in Geneeskunde en Biologie.*

# Koppie koffie met...



## "Ek wil iemand wees wat ander kan help"



*Dr. Renalde Huysamen.*

Dr. Renalde Huysamen is onlangs as die Hoof: Personeelontwikkeling en Prestasiebestuur by die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en ontwikkeling (SHOSO) aangestel. Maar die UV is beslis nie haar eerste ontmoeting met hoëronderwysstudies of ontwikkeling nie.

Dr. Huysamen se loopbaan het in die Departement Onderwys begin, waarna sy by opleiding en onderwys by die SAUK in Johannesburg betrokke was. Na die sluiting van die departement en aflegging van personeel, het sy haar eie besigheid as konsultant begin. Sy was ook vir ongeveer dertien jaar deeltyds lektrise by vyf verskillende tersiêre instellings, waar sy vir voorgraadse sowel as nagraadse studente klas gegee het in onderskeidelik Menslike Hulpbronne, Organisasiegedrag, Bemarking en Besigheidsbestuur.

As konsultant het sy goeie ondervinding in die implementering van veranderingsintervensies soos prestasiebestuur opgedoen. Dr. Huysamen sê: "Die teorie wat ek in die akademie geleer het, het ek in die besigheidswêreld geïmplementeer en die probleme wat ek in die besigheidswêreld ondervind het kon ek as voorbeelde vir studente gebruik vir wie ek klas gegee het." Met haar aanstelling by die universiteit sal sy ook die kennis en ondervinding kan gebruik om prestasiebestuur en die akademie te integreer. "Dit is soos 'n plan waar twee wêrelde bymekaar kom in my lewe," sê sy.

"Ons spandeer 'n groot deel van ons lewe by die werk en moet dit dus geniet. 'n Werksomgewing wat produktiwiteit aanhelp is belangrik. As konsultant was dit altyd my strewe om 'n instelling 'n beter plek agter te laat wanneer ek klaar was. My doel is om produktiwiteit te verhoog deur ander te help om emosionele gesondheid in die werkplek te vind. In 'n omgewing met baie onsekerhede waar mense voortdurend met veranderinge in die werksplek gebombardeer word, word dit moeiliker vir personeel om die verandering te hanteer. Ek het al self ondervind hoe moeilik verandering kan wees. Dit is die onsekerheid in verandering wat mense kwaad en bang maak en hul teen verandering laat vasskop. Kommunikasie en die oplossing van probleme is die sleutel tot produktiwiteit. Ons moet onthou dat ondervinding 'n mening omtrent iets vooruitloop. As ons dus verandering in 'n instelling implementeer, het mense gewoonlik negatiewe menings omtrent intervensies soos prestasiebestuur, hoofsaaklik omdat hulle in die verlede negatiewe ondervindinge gehad het. Ons moet die vrees wat tradisionele prestasiebestuur voorheen in tersiêre instellings geskep het, verwyder. Alhoewel prestasiebestuur 'n pynlike proses is, is ek baie positief dat ons dit wel sal regkry," sê dr. Huysamen.

In haar persoonlike lewe sê dr. Huysamen: "Ek het die neiging om te veel te wil dink oor iets. Om my sover te kry om op iets anders te konsentreer, hou ek daarvan om toneelstukke te gaan kyk. Ek het by die Scaena-klub by die UV aangesluit en sedert my aanstelling in November 2005 twee produksies gaan kyk. Ek hou ook van die natuur. Dit laat my nader aan my Maker voel. Ek ontspan ook as ek in die tuin werk.

"Ons moenie werk as hoofsaaklik pynlik en ons stokperdjies as hoofsaaklik aangenaam sien nie. Soos Mary Poppins sou sê: Ons moet glo dat alle werk 'n element van pret het. So, vind die pret! Maandae is mos maar blouerig, so ek spot altyd met die mense in my kantoor en se nee ons moet sê 'Thank God it is Monday'; in plaas van 'Thank God it is Friday'."

# Law awards achievers



*The Faculty of Law at the UFS honoured students who have excelled in 2005. During this function the Moritz Bobbert Medal was awarded to students who got their LL.B degree cum laude. Front from the left: Prof. Johan Henning, Dean: Faculty of Law, Ms Anna Bobbert, donator of the medals, and Ms Marcelle Pieters; back: Mr Lucien Companie, Ms Nicolene Schoeman and Ms Valerie Pienaar.*

# Autumn diploma and graduation ceremony

The UFS awarded 857 diplomas and 2 579 degrees during its autumn diploma and graduation ceremony. Students from the Main Campus and Vista Campus participated in the ceremony.




*'n Trotse groep assistentnavorsers van die Departement Landbou-ekonomie aan die UV het B.Sc.Agric.- en B.Agric.-grade ontvang. Voor van links is mnr. Leon Kotzé, B.Sc.Agric., mnr. Diekus van Wyk, B.Sc.Agric. - cum laude, mnr. Olu Oyewumi, M.Sc.Agric. - cum laude, dekaans- en senaatsmedalje, me. Lindie Botha, M.Sc.Agric. - cum laude, mnr. Jurgens Twyman, B.Agric. Honneurs, mnr. Nicolaas Kotzé, B.Sc.Agric. Honneurs en agter: mnr. Phillip Fourie, B.Sc.Agric., mnr. Thabiso Koatla, B.Agric., mnr. David Spies, M.Sc.Agric., mnr. David Uchezuba, M.Sc.Agric. - cum laude, mnr. Marcel van Wyk, B.Sc.Agric, mnr. Martin Monk, B.Sc.Agric, mnr. Wilhelm van Heerden, B.Agric. en mnr. Henry Jordaan, B.Sc.Agric. Honneurs.*



*Ms Melody Mentz received her Honours in B.Com. Psychology as well as the Dean's Medal for being the best honours student in the Faculty of the Humanities. She is busy with her master's studies and plans to follow a research and academics career.*





*The UFS awarded honorary doctorates during its autumn diploma and graduation ceremony to Mr Pieter Cox and Mr Terry Moss. Mr Cox is the non-executive chairperson of Sasol Limited and was honoured for being the driving force behind Sasol's global expansion and the subsequent listing of Sasol on the New York Stock Exchange. Mr Moss is General Manager: Generation Business Enhancement at Eskom and was honoured for his dedication to the development and promotion of the hydroelectric power industry and other sources of renewable electrical energy. From the left are Dr Franklin Sonn, Chancellor of the UFS, Mr Terry Moss, Mr Pieter Cox and Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor of the UFS.*

*Drie personeellede aan die UV het hul meestersgraadstudies in onderskeie studies in die Fakulteit Geesteswetenskappe voltooi. Van links is me. Erica du Preez, fakulteitsbestuurder in die Fakulteit: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wat haar meestersgraad in Taalpraktyk met 'n onderskeiding behaal het, mnr. Vincent Khetha, hoof van deeltydse inwoners by Kovsie Steundienste wat sy meestersgraad in Geskiedenis ontvang het en mev. Susan Lombaard van die Eenheid vir Taalbestuur wat haar meestersgraad in Taalstudie met 'n onderskeiding behaal het.*

# 06 Herfs diploma- en gradeplegtigheid



*Rorisang Mafereka is a junior lector in Economics at the UFS. He received his B.Com. Honours in Money and Banking. Rorisang who grew up in Lesotho is busy with his master's studies in Financial Economics and Investment Management.*



*Die UV het 35 doktorsgrade toegeken op die herfsgrade- en -diplomaplegtigheid vanjaar. Van die gaste wat die gelukwensingsdinee vir doktorandi bygewoon het, was van links prof. Gert van Zyl, Hoof: Skool vir Geneeskunde aan die UV, dr. Roelf Beukes, dosent aan die UV se Departement Sielkunde, prof. André Venter, Hoof: Departement Pediatrie en Kindergesondheid aan die UV, dr. Hannemarie Bezuidenhout, Ph.D.-student in Gesondheidsberoepe-onderwys, en dr. Thereza Bothma, Ph.D.-student in Sielkunde.*





*Michael von Maltitz and Sean van der Merwe, both from the Department Statistical Mathematics respectively received their M Com in Economics and Statistical Mathematics. Sean also received the Deans Medal for being the best student in the Faculty of Agricultural and Natural Science as well as the Senates Medal.*

# Nou, met 'n moeitevrye huislening wat jou geld spaar, kan jy 'n huis met 'n tuin bekostig.

Sanlam Huislenings bied jou meer as net geld vir 'n verband: dit is 'n finansiële oplossing wat 'n integrale rol in jou finansiële beplanning kan speel. Nie net kan dit jou tot 2% op rentekoerse bespaar nie, jy kan ook die ekwiteit in jou verband vir kontant omruil en vir aanbouings gebruik. Of jy kan jou verband gebruik om jou finansiële beplanning te herstruktureer. En ons doen al die sleurwerk. Geen rompslomp, geen moeite vir jou nie. As jy reeds 'n verband het, hoekom nie omskakel na 'n Sanlam huislening nie – ons het 'n 50% afslag op verbandregistrasies by ons prokureurs beding. Skakel my vandag nog om uit te vind oor hoe jy Sanlam Huislenings deel van jou finansiële oplossingsportefeulje kan maak. Ons dink vooruit. En jy?



**Ben Opperman**
Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur
051 407 8156
082 457 2240
benoprmn@intekom.co.za

Sanlam
Huislenings
*Ons dink vooruit*




# It's a dog's life - in winter!

Ja, julle dink nog dis tyd vir *tan* toe bibber die boudjies al! Bring maar solank die konka, die koolstoof, kerse, gaslamp en stofie en die houtjies nader vir die kaggel. So is die lewe vir een pond sewe! Vandag is dit bibber, môre is dit bewe! Ons weet nie hoe gaan die korrelbed daar by Koeberg dié winter krummel nie! Miskien oortuig die koue tóg 'n paar studente dat die naeltjie van die mens verkieslik toegehou moet word. Maar ek twyfel!

Ek hou net meer van die somer! Soos Zaza Gabor gesê het toe sy haar somerrokkie se materiaal só vat-vat: "In summer, it's just more convenient to get rid of all thís when you're hot!" Die melkboer stem saam. Hy staan vyfuur in die winter op en trek hom knuppeldik aan vir die koue. Ou, Swaerie! Ek sit mos nou daar en dis net 'n getjier-tjor soos ons melk. Nou luister,'n getjier-tjor vir meer as 'n uur lank het 'n effék op 'n man. Nou hol ek maar huis toe en skop die kleinkamertjie se deur toe. Maar om met daai lae klere en onder druk die saak van essensie te bereik, is wragtig 'n groter gestoei as al daai deelnemers se veldtog deur die oerwoude in episode een van Survivor in Guatamala!

But be warned – all you Volksblad Festival visitors in July! The shivers and shakes are going to be with us this year. We've been lucky in the past. So we plead in one voice: "Bring back Ben Botma and his Konkakol to the original spot on the Red Square! Supply him with all the timber and los plankies that's lying around after all the renovations and let's make the biggest bonfire since the day that Chuck Norris decided to have a bit of a braai!"

Met accessories! Soos C.J. Langenhoven in die ongepubliseerde boekie, "Hoe om te oorleef tussen onnooslike mense", tereg opgemerk het: "Wie is dit wat daar so struikelend strompel? Wat klingel daar so in jou binnesak? Is dit geld of dalk 'n glasie? Indien wel geld, gaat maar voort, maar andersins kom staat by my!" Niks is so lekker soos 'n glasie soetwyn op 'n kunstefees of om 'n vuurtjie in die veld na 'n jagtog nie! Is die manne gereed en gelisensieerd? Ek bedoel nou jul jagwapens! Alles moet mos desedae 'n lisensie hê! Plêstik of papier. Ek was reeds verlede jaar so gedertien-meneerd om te gaan jag. Veral toe 'n student se pa my nogal genooi het. Gratis! Haar punte het ongelooflik gestyg in die tyd wat ek die jag afgewag het. Helaas! Slaat 'n verkoue my drie dae voor die jag en ek kan nie gaan nie. Haar punte het daarna weer na normaal teruggekeer – 45%. Maar dis nie waaroor die storie gaan nie! Dis gaan oor alles 'n lisensie moet hê.

Ek het 'n 1954- blink blikplaatlisensie – 'n hondelisensie vir Ore. My oorle oupa se hond. 'n Foksterriër. Die hond is ook dood. Hy was in my oupa se woorde: " 'n Heilige hond waarvoor mens 'n liksêns kon koop en betaal." Die ander honde was sommer net honne. "On-ontmoetlike honne wat teen jou bene opspring en aan mense ruik van watter geslag hulle is!" Ore was 'n Hónd. Punt. "Daarom erf jy sy liksêns, want dit het die datum van jou geboortejaar op. Pas dit op en onthou waar jy vandaan kom en as jy op vreemde plekke beland en allermansgiere kry." Ek wou hom later nog sê dat ek minder geneig is tot allermansgiere en dat allervrougiere meer in my aard is, maar toe's hy dood. Die punt is die liksêns hang saam met my army dog tags langs my mooiste dasse op 'n ereplek. Mooi storie, nè? Tot nou toe!

Bultjie

## Education, agriculture and development discussed



*In her inaugural lecture Prof. Alice Pell, professor extraordinary in the Centre for Sustainable Agriculture at the UFS, discussed issues around education, agriculture and development. She is Director of the Cornell Institute for Food, Agriculture and Environment. At her inaugural lecture were in front from the left: Prof. Magda Fourie, Vice-Rector: Academic Planning at the UFS, and Prof. Pell; back: Prof. Herman van Schalkwyk, Dean: Faculty of Natural and Agricultural Sciences, and Prof. Frans Swanepoel, Director: Research Development.*

# Digitale dokumentasiebestuurstelsel sal werk vergemaklik

Met die toename in studente het die papierlading bykans verdubbeld. Na aanleiding van die algemene toename in papierkopieë wat personeel in sekere afdelings aan die UV ondervind, het ds. Kiepie Jaftha, Hoofdirekteur: Samelewingsdiens, aanbeveel dat 'n digitale dokumentasiebestuurstelsel gevestig word.

Die universiteit in geheel sal voordeel trek uit die stelsel, veral die universiteit se posdiens en personeel wat met studenteregistrasies, finansies, strategiese beplanning en menslike hulpbronne werk. Die stelsel sal toeganklikheid tot inligting vergemaklik. 'n Personeellid sal nie meer deur massas papierwerk hoef te soek na 'n dokument nie. Dokumentnasporing sal nou elektronies kan geskied.

"Papierkopieë van dokumente raak meer en stoorplek raak minder. Tans is daar 3,7 miljoen papierfolio's en elke dag word daar nog bygevoeg. Per student wat bykom word tussen 20 en 30 bladsye by die massas papier gevoeg. Alhoewel die stelsel nie heeltemal papierloos is nie, sal daar beslis minder papier gebruik word," sê mnr. Sakkie Janse van Rensburg, Direkteur: Rekenaardienste.

Die proses is tans in die voorbereidingsfase waar 124 760 papierlêers deur 'n groep kontrakwerkers in die Bruin Kamer van die UV uitgesorteer en reggekry word vir skandering. Die skanderingsproses sal in Mei 2006 'n aanvang neem.



*Besig om die papierlêers gereed te kry vir skandering, is van links mee. Dot Wilken, Magriet Grobbelaar, Marie van den Hende, Hetta van den Heever, agter: mnr. Francois Marais, Assistentdirekteur: Rekenaardienste, me. Miemie Joubert, Assistentdirekteur: Rekenaardienste, mnr. Sakkie Janse van Rensburg, Direkteur: Rekenaardienste, en me. Elené Laing.*

"Die proses sal beslis 'n waardetoevoeging tot die universiteit wees. Ek is bly om deel daarvan te wees," sê mnr. Francois Marais, Assistentdirekteur: Rekenaardienste. Mnr. Marais, me. Miemie Joubert, Assistentdirekteur: Rekenaardienste en mnr. Janse van Rensburg lei die projek. "Dit sal egter 'n uitdaging wees om die stelsel so glad en verbruikersvriendelik as moontlik op die been te bring en met PeopleSoft te integreer," sê mnr. Janse van Rensburg. Personeel sal deur middel van PeopleSoft toegang tot lêers verkry. Die Uitvoerende Bestuur het op 'n geskikte stelsel besluit. Die stelsel wat geïmplementeer gaan word, is ImageNow. ImageNow word tans by verskeie universiteite wêreldwyd gebruik.

# Verpleging vorm band met Emelia Huis

Die Skool vir Verpleegkunde aan die UV het bande gesmee met die Emelia Huis as deel van 'n samelewingsdiensleerprojek. Verstandelike en intellektuele gestremde kinders word by Emelia versorg. Emelia is verbonde aan die Vereniging vir Persone met Gestremdhede en Dowes (APD).

Verpleegkunde-studente is reeds by verskeie gemeenskapsprojekte betrokke. "Huis Emelia is nie net 'n goeie opleidingsgeleentheid vir die studente nie, maar dit is ook 'n lekker geleentheid om in spanverband met ander departemente saam te werk," sê dr. Idalia Venter van die Skool vir Verpleegkunde aan die UV. Studente van die Departemente Arbeidsterapie en Landbou is ook by die projek betrokke.

Studente wat reeds hul diploma voltooi het en in psigiatrie wil spesialiseer, word by inrigtings soos Huis Emelia geplaas om praktiese ondervinding op te doen. Dr. Venter sê: "Dit is belangrik dat die kinders gestimuleer word. Die kinders het ook ekstra hulp nodig met ander basiese takies. Die studente deel hul kennis met die versorgers en help hulle ook om na die kinders om te sien."

# Drama's production singled out at KKNK



*'Ipekonders' was well received by audiences at the Klein Karoo National Arts Festival. Front, left: Prof. Nico Luwes – who translated the text into Afrikaans and who was also the director – with the rest of the cast.*

# Kovsies blink uit in kompetisie

Die Geïntegreerde Bemarkingskommunikasiestudente van die Departement Kommunikasie en Inligtingstudie aan die UV het onlangs 'n praktiese projek, die Battle of the Creatives, saam met OFM en Altech AutoPage aangepak. Die studente het saam gespan met bemarkingsagentskappe in Bloemfontein en moes 'n nuwe bemarkingstrategie vir Altech AutoPage formuleer.

"Die bemarkingsagentskap MightyK en sy groep bemarkingskommunikasiestudente het die Battle of the Creatives titel voor sterk kompetisie weggeraap", sê me. Dalmé Mulder van die Departement Kommunikasie en Inligtingstudie. Die Battle of the Creatives-projek gaan voortaan 'n jaarlikse instelling wees om aan die Geïntegreerde Bemarkingskommunikasiestudente die geleentheid te bied om praktykservaring op te doen.

# UFS involved in ASGI-SA



*The National Programme for the Creation of Small Enterprises and Jobs in the Second Economy forms part of the Accelerated and Shared Growth Initiative of South Africa (ASGI-SA). Prof. Frans Swanepoel and Dr Aldo Stroebel from the Directorate Research Development and the Centre for Sustainable Agriculture are playing a significant role in this initiative. At the two-day conceptualisation colloquium and stakeholder dialogue were from the left: Dr Aldo Stroebel, Directorate Research Development and the Centre for Sustainable Agriculture at the UFS, Dr Edith Vries, Acting CEO, at the Independent Development Trust, and Prof. Frans Swanepoel, from the Directorate Research Development and the Centre for Sustainable Agriculture at the UFS.*

## Dates to diarise

**20 May 2006 – Family Science Programme, contact 051-4012924.**

**24, 25 May 2006 – Customer Service Workshop, contact Suzelle Bester at 051-4013580, bestersh.rd@mail.uovs.ac.za or Clidean Swiegelaar 051-4019268.**

**25 May 2006 – Moshoeshoe Memorial Lecture. Interested parties can phone Tumi at 051-4012828.**

**9 June 2006 – Amazing Rainbow Rally. Contact Ilse Olivier, tel. 051-4012415 or Adéle van Aswegen, tel: 051-4013535.**

**16-18 June 2006 – All African Students Conference (AASC), Towards economic freedom for Africa and its diaspora. Interested parties can contact Dr Choice Makhetha at makhetk.rd@mail.uovs.ac.za.**

# UFS and Mexico forge links



*The Centre for Plant Health Management (CePHMa) in the Department of Plant Sciences at the UFS presented its first international conference. South Africa and Mexico have a lot in common as far as agricultural practices in semi-arid areas and the role of the cactus pear are concerned. CePHMa and the University of Chapingo (Universidad Autonoma Chapingo) in Mexico signed a memorandum of understanding (MOU) during the conference. The guests at the prickly pear gala dinner were, from the left: Dr Candelario Mondragon-Jacobo (int), researcher from Mexico, Prof. Sakkie Pretorius from the Department of Plant Sciences, Prof. Seef Pretorius from the Department of Soil, Crop and Climate Sciences, and Prof. Wijnand Swart, Chairperson: Centre for Plant Health Management at the UFS.*

# Statistics SA presents new book to UFS students

*Statistics South Africa has launched a new book, The Demography of South Africa. Mr Risenga Maluleke, Executive Manager: Office of the Statistician-General at Statistics South Africa, handed ten copies of the book to the third-year Sociology class in Population Dynamics and Environment Issues at the University of the Free State. Mr Maluleke addressed the class on the importance of statisticians in South Africa. Mr Maluleke hands a copy of the book to Dr Zacheus Matebesi, lecturer in Sociology at the UFS.*




# UV-projek bekendgestel




*Prof. Hanneke Messerschmidt.*

Prof. Hanneke Messerschmidt van die Departement Kurrikulumstudie aan die UV het ’n internasionale werkswinkel ter viering van die tienjarige herdenking van die samewerkingsooreenkoms tussen Vlaandere en Suid-Afrika bygewoon. Die werkswinkel, wat aangebied is deur die Departement Wetenskap en Tegnologie en die Nasionale Navorsingsraad, was getiteld: *RSA – Flanders, ten years celebration for science co-operation*.

Prof. Messerschmidt het die geleentheid gehad om die Departement Kurrikulumstudie se moedertaalprojek by die werkswinkel aan te bied. Die projek was een van tien projekte wat uit 97 ander projekte, wat deur die NNR befonds word, gekies is vir bekendstelling by die werkswinkel. Die moedertaalprojek het bestaan uit empiriese navorsing oor die invloed van moedertaal teenoor ’n vreemde taal as onderrigmedium. Die bekendstelling van die projek het ’n geïllustreerde artikel in die feesbrosjure, ’n oorsigplakkaat en ’n referaat gevolg deur bespreking, ingesluit. “Ek was bevoorreg om hierdie projek bekend te stel en sodoende my departement, die fakulteit en die UV te verteenwoordig,” sê prof. Messerschmidt.

’n Oorsigsessie het twee opwindende gebeurtenisse ingesluit. Prins Philippe van België, sy eggenote, Prinses Mathilde, en ministers van die Vlaamse en Suid-Afrikaanse regerings het die verrigtinge besoek en ’n samewerkingsooreenkoms vir die volgende tien jaar is geteken.

# Bakterieë ook goed vir omgewing

"Meer mense begin agterkom dat bakterieë nie net siekte veroorsaak of slegte gevolge het nie, maar ook goeie eienskappe het. Vandag is mense meer bewus van die rol van mikro-organismes in hul omgewing as voorheen en dit veroorsaak 'n groter aanvraag na omgewingsimpakstudies," sê dr. Esta van Heerden van die Departement Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie aan die UV. Sy gesels oor 'n paar van die projekte waarby die Departement Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie betrokke is.

"Een van ons grootste projekte is om bakterieë in ekstreme omgewings te soek, unieke eienskappe en proteïene te identifiseer, die gene vir die proteïene te kloneer en hierdie besonderse eienskappe dan in praktiese toepassings aan te wend. 'n Goeie voorbeeld hiervan is om hierdie bakterieë op besoedelde terreine soos by stortingspunte vir toksiese afval en olie, waar die grondwater gekontamineer is, te plaas vir bioremediëring. 'n Unieke eienskap van die bakterieë wat kan oorleef waar dié chemiese stowwe gestort is, is dat dit toksiese afval kan verwyder en dan die omgewing kan skoonmaak as dit reg toegepas word. Hierdie tegnieke word algemeen in Amerika en Europa gebruik om besoedeling skoon te maak," sê dr. Van Heerden.

Terwyl wetenskaplikes moet ingryp om oliestortings in Amerika en Europa onskadelik te stel, het die Suid-Afrikaanse regering ook die hulp van 'n span van die Departement Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie ingeroep met die maagkoorskrisis wat verlede jaar in Delmas plaasgevind het en vier lewens geëis het. Dr. Lizelle Piater van dié departement sê: "Ons het van die tegnieke wat ons geleer het, soortgelyk aan die wat forensiese polisie in die CSI-reeks gebruik, by die Delmas-krisis toegepas om die water vir tekens van die DNS van *Salmonella typhi* te toets. Hierdie toetse is baie sensitief en kan DNS-profiele van die bakterieë opspoor al is dit reeds dood. Deur toepassing van al ons tegnieke het ons gevind dat daar salmonella in die water teenwoordig was en steeds geleef het. Op ons aanbeveling het die munisipaliteit die boorgate gechlorineer en is die probleem toe opgelos."

Navorsers in dié departement doen ook studies oor die verwydering van radioaktiewe materiaal, chroom en arseen uit die omgewing. Radioaktiewe materiaal kan lank nadat dit in die grond gestort is, die grondwater van daardie gebied kontamineer. "Ons kweek bakterieë vir bioremediëring en pas ook biostimulasie toe. Die bakterieë is dan baie handig in die remediëring van stortingsterreine van mynmaatskappye, want dit kan metale soos radioaktiewe uraan verwyder en chroom minder gevaarlik vir die mens maak. Dit kan ook metaalekstraksies en herwinning uit die erts aanhelp. Sulke biologiese rehabilitasiemetodes kan meer koste-effektief en omgewingsvriendelik wees as die alternatiewe chemiese en meganiese tegnieke," sê dr. Van Heerden.

Dr. Van Heerden raak opgewonde omdat die meeste navorsing waarmee hul besig is in Suid-Afrikaanse myne plaasvind met Suid-Afrikaanse mikro-organismes. "Wat goed is van ons navorsing is dat dit 'n wye veld dek. Ek voel positief dat as studente hier weggaan hulle goed toegerus is om in 'n verskeidenheid nywerhede te gaan werk."



*Dr. Lizelle Piater en dr. Esta van Heerden.*

# Finesse celebrates 25 years



*At 25th birthday of the Finesse Ladies Club were, from the left Mss Suzan Mshumpela, UFS Marketing, Rina Immelman, Department Geology, Lorene van Wyk, Exam Division, Maricca Coetsee, Academic Student Services, Henna Nel and Helena Herselman of the Faculty of Theology.*

# Meer voordele van rooibostee onthul in UV-navorsing

Rooibostee is so vroeg as 1772 deur Carl Thunberg, ’n botanis, geïdentifiseer. Sedertdien gis en gons dit in Suid-Afrika, en ook toenemend in die buiteland, oor dié koppie tee wat voordelig vir jou gesondheid is. Die rooibosplant (Aspalathus linearis) wat internasionale status verwerf het, is uniek aan Suid-Afrika en Suid-Afrikaners kan met reg hierdie plant en die naam “Rooibos” as hulle eiendom opeis. Die aansprake wat deur die jare oor rooibostee gemaak is, is wetenskaplik ondersoek deur prof. Kobus Steenkamp, medeprofessor in die afdeling Organiese Chemie en dr. Charlene Marais wat haar M.Sc.- en Ph.D.-graad in Chemie aan die UV verwerf het met ’n studie oor die rooibosekstrak.

Volgens prof. Steenkamp het die gebruik van ekstrakte van plante en bome oor die eeue ’n rol gespeel in die voortdurende soeke van die mens na geneesmiddels om siektes te beveg. Die geskiedenis het gewys dat die genesende en voorkomende eienskappe van die aktiewe chemiese verbindings in die natuur nie wolhaarstories is nie en daar word wêreldwyd en onverpoos in die natuur na nuwe geneesmiddels gesoek.

Na verkennende gesprekke van prof. Steenkamp met gesaghebbendes by die Landbounavorsingsraad (LNR), het woordvoerders van die LNR die Departement Chemie aan die UV genader om die gesondheidsaansprake van rooibosteevervaardigers wetenskaplik te ondersoek sodat die internasionale bemarking van dié tee ’n hupstoot kon kry. Prof. Steenkamp en dr. Marais het in samewerking met prof. Daneel Ferreira, voorheen verbonde aan die Departement Chemie, onverwyld aan die werk gespring om die geheime van rooibos te ontrafel.

Hul studie het steun verleen aan die aansprake dat rooibostee die potensiaal het om in die voorkoming van ’n wye spektrum van siektes soos allergieë, velsiektes (ekseem), lewersiektes, diabetes en hoë bloeddruk, ’n positiewe rol te vertolk. Die navorsingsresultate is in tydskrifte soos die Bult (1996) en joernale (plaaslik en internasionaal) bekend gemaak, en het tot ’n ongekende belangstelling by persone in gesondheids- en kosmetiese kringe gelei.

Hierdie tee voldoen dus aan die moderne mens se behoefte aan natuurlike produkte met voordelige gesondheidseienskappe, bv. hoë vlakke van anti-oksidante wat in staat is om reaktiewe en skadelike vry radikale te vernietig. Etlike kosmetiese produkte en voedingsupplemente het op die mark verskyn met rooibosektrak as die aktiewe bestanddeel. “Daar bestaan min twyfel dat die bekendmaking van ons en ander navorsers (bv. dr. Lizette Joubert by

Infruitec) se resultate tot rooibos-gebaseerde produkontwikkeling van miljoene rande gelei het,” sê prof. Steenkamp. Verder het verskeie plaaslike en internasionale navorsers inspirasie uit hierdie resultate geput en is daar toenemend meer navorsing oor rooibostee gedoen en het die kommersiële toepassings nie agterweë gebly nie. Van hierdie navorsers het interessante ontdekkings gemaak, soos dat daar antikanker- en antivigskomponente in rooibostee is.

Onlangs het dr. Jeanine Marnewick van die Mediese Navorsingsraad by Tygerberg opvolgnavorsing oor die rooibosekstrak gedoen en het sy inderdaad antikankereienskappe gevind. Met voorlopertoetse op Salmonella en op muise, het sy gevind dat rooibosekstrak antimutageniese eienskappe het, en dat die ontwikkeling van tumors (in die velle van muise) verminder en vertraag word.

’n Groep navorsers in Japan het gevind dat rooibosekstrak die akkumulasie van lipiedperoksiede (wat veroudering aanhelp) verminder. Ook in Japan het ’n ander groep navorsers ontdek dat rooibosekstrak ’n antivirale invloed op die MIV-virus het. Die ekstrak is in die laboratorium op MT4-selle, wat met die vigsvirus geïnfekteer is, getoets. Prof. Steenkamp maak dit egter baie duidelik dat dit slegs ’n voorlopertoets is en dat daar nog geen bewyse is dat die rooibosekstrak ’n effektiewe kuur teen MIV/vigs is nie.

Rooibostee beskik dus, op grond van die chemiese verbindings wat geïsoleer is, oor ’n verskeidenheid potensiële gesondheidsbevorderende eienskappe. Alhoewel laboratoriumtoetse in proefbuise en op lewende diere die verskeidenheid voordele van rooibostee bewys het, is daar nog weinig toetse op die mens self gedoen en gaan navorsers voort om die potensiaal van dié wonderkuur te ontgin.

Intussen kan ’n koppie of drie per dag die dokter laat wag...

of ’n rooibosroompie die plooitjies vertraag…





# Klippies in my skoen

## “Ons vra gereserveerde afdakke”

**Marietjie van der Walt skryf:** Personeel van die George du Toit-gebou het ’n dringende behoefte aan meer onderdakparkering. Tans is daar slegs 40 onderdakparkeerplekke beskikbaar by die gebou en daar is sprake dat parkeerplekke nie meer toegeken gaan word aan personeellede nie omdat die parkeerplekke in kantore omskep gaan word.

Daar is tans 156 personeellede werksaam in die gebou, en daar is ’n dringende behoefte aan addisionele onderdakparkering. Hier is heelwat personeellede wat jarelange diens aan die UV het, en nie die voorreg kan geniet om soggens werk toe te ry en te parkeer sonder om ’n plekkie in die koelte te soek nie. Verder is ons reg oorkant die Callie Human-sentrum geleë en met verskeie geleenthede in die Callie Human, veral in eksamentye, is daar glad nie vir ons parkering naby ons kantore nie. Dit is wel so dat daar ’n paar personeellede is wat afdakke agter die Callie Human-sentrum huur, maar dié afdakke is redelik afgeleë en almal is nie so gerus om hul motors daar te parkeer nie.

Ons vra dus u gunstige oorweging om van die fondse wat ons jaarliks so getrou betaal om parkeerskyfies op ons motors aan te bring, aan te wend om of:

- in die perdehoef, voor die gebou (nagenoeg 40 afdakke),
- of aan die noordweste kant van die Benedictus Kock-studentesentrum (nagenoeg plek vir 30 afdakke),
- of in die parkeerarea van die Odeon, in die omgewing wat die taxi's gebruik (ruimte om baie afdakke op te rig), vir ons gereserveerde afdakke aan te bring.

**Edma Pelzer, Direkteur: Fisiese Hulpbronne en Spesiale Programme, antwoord:**

Nuwe onderdakparkeerplekke word eersdaags by die Scaena-teater opgerig. Die beplanning daarvan is reeds afgehandel. Ons vertrou dat dit tot ’n groot mate ook sal voorsien in die behoeftes van die personeel in die George du Toit-gebou. Die plekke wat Marietjie vir afdakke voorstel is ongelukkig nie beskikbaar nie om allerlei beplanningsredes. *Dumela* het in die vorige

Klippies ... vervolg op bl.20

# Committee ensures wellness



*The Wellness Committee plans wellness days for 16, 17 and 19 May 2006. The committee on campus are, from the left, Mr Emile Langeveld, Department Human Movement Sciences, Mr Lourens Geyer, Department Human Resources, Ms Riana Johnson, Kovsie Health, Dr Louis Holtzhausen, Chairman of the Wellness Committee, Ms Suzelle Bester, Centre for Higher Education Studies and Development (SHOSO), Dr Henriette van den Berg, Department Psychology, Ms Lenie Kotze, Kovsie Support Services, Ds Christo Louw, Dr Roelf Reynecke, Department Social Work, Ms Arina Otto, Kovsie Health, Dr Jan Albert van den Berg, Department Practical Theology, and Ms Anette Prins, SHOSO.*

## Prof kry toekenning



*Prof. Dingie van Rensburg het die Outstanding Award in Excellence, ’n goue toekenning vir leierskap in navorsing en ontwikkeling, van die Premier van die Vrystaat ontvang. Sy toewyding en innovering het gelei tot uitsonderlike en voortdurende bydraes wat nie net op die UV gefokus was nie, maar ook op groei en ontwikkeling in die Vrystaat in veral gesondheidsisteme, gesondheidsdienste en gemeenskappe in die provinsie.*




**Riverview Lodge**

SPECIALISTS IN SPORTS TOURS & LARGE GROUPS

ACCOMMODATION

**STUDENT ACCOMMODATION (CAPE TOWN)**

- **Ideal for large/small groups (Sports groups/academic/ holiday accommodation)**
- **Five star budget accommodation**
- **Conveniently situated close to UCT and all that Cape Town offers**

**Rate:**
**From R85 per person sharing**
**(Bed & Budget Breakfast)**
**Meals available upon request**
**Ph: (021) 447 9056**
**Fax: (021) 447 5192**
**E-mail: info@riverview.co.za**
**Go to our website:**
**www.riverview.co.za or**
**www.capebudgetaccomodation.co.za**

# Prof. Bennie and his team win golf day



*The Faculty Natural and Agricultural Sciences held its annual golf day. Prof. Herman van Schalkwyk, Dean: Faculty Natural and Agricultural Sciences (far left) handed the trophy to the winning team. From left are: Dr Esta van Heerden, Department Microbial, Biochemical and Food Biotechnology, Ms Marieta Cawood, Department Soil and Crop and Climate Sciences, Ms Chantal Smith, Department Microbial, Biochemical and Food Biotechnology, and Prof. Bennie Viljoen, Department Microbial, Biochemical and Food Biotechnology.*

Klippies... vervolg van bl.18

uitgawe berig oor die UB se besluite in verband met parkering. Die geleidelike implementering daarvan (soos finansies en ander hulpbronne beskikbaar kom) behoort mettertyd parkeerverligting te bring. Wees verseker daarvan dat ons toegewyd daaraan werk om die stres wat kampusgangers as gevolg van parkeerkwessies ervaar, te verminder.

**Publikasiebesonderhede**

Dumela word saamgestel deur UV: Strategiese Kommunikasie.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs
**Uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing
**Drukwerk:** PrintAbility

Menings wat in Dumela gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die UV nie.

dumela.stg@mail.uovs.ac.za

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies

**Adresplakker**